NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2021

AFDELING A LETTERKUNDE

DRAMA

VRAAG 1 *Die Koggelaar* (Pieter Fourie)

***LW:* Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.**

Titel:
- Gee **eie, gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Pieter Fourie se drama Die Koggelaar [onderstreep in handgeskrewe teks] (1988) ...*
- **Formuleer betoog**, bv.
  ... word die euwels van die patriargie inderdaad aan die kaak gestel. Waar Ben Cronjé nog empatie teenoor veral Anker (sy buite-egtelike kind) toon, tree Boet onverbiddelik op en kulmineer die patriargale magsvertoon in sy karakter. Die reeds oorlede Klein-Ben verteenwoordig uiteindelik die verswakte bloedlyn waarbinne trots en verbittering die oorhand kry en enige moontlikheid tot redding en oorlewing onmoontlik maak. As die karakters as 'n simbolisering van die degenerering van die patriargale bestel beskou word, beeld Die Koggelaar *dus die einde van 'n suiwer wit bloedlyn en heerskappy uit en voorspel dit die moontlikheid van 'n meer demokratiese magsverdeling in die toekoms.*

- Verwoord **hoofargument** n.a.v. beplanning.

Paragrawe:
- Verskillende argumente word hier betoog wat die onderwerp (wat in die inleiding aan bod gebring is) ondersteun.
- In elke paragraaf word 'n argument bespreek – ondersteun met verwysings na en/of aanhalings uit die drama.
- Die betogende styl van die kandidaat moet deurgaans duidelik wees.

Moontlike argumente wat **ter betoog** aangevoer kan word:
Ben Cronjé word uitgebeeld as die simpatiekste Cronjé. Hy het 'n ooreenkoms aangegaan met die swart ma van sy kind, Anker, dat hy na hulle sal omsien na die beste van sy vermoë en hoewel hy hom nie openlik as sy seun kan behandel nie, het hy tot 'n mate sy verantwoordelikheid as pa besef en probeer nakom. Hy verwelkom Anker op die plaas na sy ma se dood en probeer telkens om Anker te betrek by familie-aangeleenthede. Hy dring daarop aan dat Anker vir Boet as "Meneer" moet aanspreek waardeur hy Boet se baasskap oor Anker probeer versag. Nogtans het hy nie die vermoë om Boet te oortuig om die aar – wat uitkoms sal gee aan die diere en die land – oop te boor nie en moet uiteindelik toekyk hoe die plaat waarop Boet vir die Here 'n bril kollekteer, wel opgerig word. Hy het wel die helderheid van gees om die plaas aan Anker te bemaak, maar uiteindelik word hy ook 'n slagoffer van Boet se familiemoord. Ben se pogings tot medemenslikheid was nooit genoeg om Anker van vernedering en lyding te red nie.
In Boet Cronjé kulmineer die patriargie aangesien hy sy mag oor sy vrou, die plaaswerkers, sy vee asook die land self keer op keer bekragtig en groot vernedering en

lyding daardeur veroorsaak. Die bakkie- en kroegtoneel met Anker bevestig reeds vroeg in die drama sy rassisme en geloof in sy eie superioriteit. Hy trou selfs met Anna voor haar 18de verjaarsdag teen haar ouers se wil. Hy blameer Anna later daarvoor dat hulle na Klein-Ben nie meer kinders verwek nie, selfs al besef hy dat die probleem heel moontlik by homself lê. Hy dwing haar om haarself te verneder in die veld om haar vrugbaarheid te verhoog deur haar te herinner dat sy voor God – en sy kerk – onderneem het om hom onderdanig te wees. Waar hy aanvanklik sterk staan teen die droogte en sy bure ondersteun, toon hy later geen leierskap nie – hy begin om op die wolke te skiet en God te koggel (deur vir Hom 'n bril te kollekteer) terwyl hy steeds verseg om die wateraar oop te boor wat uitkoms sal gee (sy vee vrek van die dors). Boet, as versinnebeelding van die aartspatriarg, se eiewaan en magsbeheptheid loop uit op familie- en selfmoord na sy ontdekking dat Anker sy halfbroer is. Hy stel homself aan as 'n god wat besluite kan maak oor lewe en dood – van sy vee en sy gesin – en word daardeur simbolies van 'n patriargale sisteem wat tot selfvernietiging lei.

Klein-Ben is in die lewe 'n onskuldige eersgebore seun en erfgenaam, maar na sy dood word hy die bose invloed wat Boet noop om nooit die aar wat lewe sal skenk aan sy diere en die plaas, oop te boor nie en uiteindelik ook aan Boet opdrag gee om God te láát sien. Klein-Ben kan dus gesien word as die erfgenaam van 'n korrupte sisteem wat a.g.v. die morele verval van hom die verrotte nasaat maak van geslagte van onregverdige bevoorregting, magsmisbruik en die uitbuiting van mens, dier en land. As spookkarakter tree hy op as 'n soort bose alter ego wat Boet se hubris tot die uiterste dryf en uiteindelik die einde van die "suiwer wit" bloedlyn beteken.

Slot:

- Hoofpunte word saamgevat – **kom tot 'n eindbetoog**.
  Die stelling word finaal **bewys of afgekeur**, bv.

In Die Koggelaar *word die euwels van die patriargie inderdaad ontmasker en die destruktiewe aard daarvan word uitgespeel in die stelselmatige morele verval van generasies. Apartheid is geskoei op 'n patriargale wêreldbeskouing waarbinne die patriarg moes sorg vir sy onderdane (swart mense, vroue, ens.) en hulle moes dissiplineer. Dit is eers wanneer hierdie sisteem in sy totaliteit uitgewis word, dat 'n demokratiese bedeling 'n moontlikheid word. As Knaplat en Anker die dooie Boet van die verhoog dra, is dit nie net die enkele karakter wat verwyder word nie, maar geslagte van misbruik wat "opgeruim" moet word voordat die reën van hoop en ware medemenslikheid kan val.*

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 ***Die Verevrou*** (Jan van Tonder)

RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 2

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Jan van Tonder se roman Die Verevrou [onderstreep in handgeskrewe teks] (2019) ...*

Formuleer onderwerp: ... *word die tema van geweld – veral teenoor vroue – op vele maniere uitgebeeld. Die roman ondersoek maniere waarop andersheid deur die gemeenskap (en veral deur mans) onderdruk word en dikwels word dit op 'n gewelddadige manier gedoen. Geweld word veral gebruik as wraak en om karakters hardhandig te "dissiplineer" en mag te demonstreer. Hieronder ressorteer onluste en oorlogsgeweld ook. Hierdie opstel sal verwys na drie insidente* [die nasienriglyne verwys na vele meer] *waar geweld gebruik word om veral Liora, Alessa en Candice se soeke na selfaktualisering te ondermyn en in sommige gevalle hulle stemme geheel en al stil te maak.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die redenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word: (hier word erkenning gegee aan die vele voorbeelde en argumente wat oortuigend aangevoer kan word, maar weens lengtebeperkings nie in hierdie dokument vervat kan word nie).

- *Liora se pa, Emilio, haal sy frustrasie en jaloesie op sy vrou, Charlotte, en Moshe se verhouding uit op Struzzo, die volstruis wat Moshe vir Liora vir haar verjaarsdag gebring het, en sy kuikens as hy hulle doodskiet. Tante Alessa skiet hierna die beseerde wyfie dood en sê vir Emilio: "Jy sal nooit kan heelmaak wat jy vandag hier gebreek het nie." Liora se hart is stukkend. Later erken sy teenoor Emilio dat sy gewens het dat Alessa hom doodgeskiet het toe hy Struzzo geskiet het.*
- *Liora se niggie, Isabelle, word (waarskynlik deur die FLN – die weerstandsbeweging in Algerië) wreedaardig vermoor nadat sy alleen in die woestyn ingery het. Die moontlikheid ontstaan dat dit in weerwraak is op die intieme kameelrit wat Liora en Eugenio tydens 'n vorige besoek gehad het en Emilio beëindig (volgens Liora) hulle verhouding as straf vir Isabelle se dood omdat hy glo dat Liora indirek hiervoor verantwoordelik was.*
- *Emilio se roekelose bestuur (weereens a.g.v. sy jaloesie) lei tot die motorfietsongeluk waarin Liora ernstige beserings opdoen – o.m. dat haar hare nooit weer op die brandplekke sal groei nie.*

IEB Copyright © 2021

- *Onluste en oorlogsgeweld word in vele tonele beskryf, veral terwyl Liora as verpleegster in die hospitaal in Algiers werk, veral in die gedaante van die Franse soldaat, Chrestien, wie se tong uitgesny en geslagsdele afgesny is. Liora sien dag en nag na hom om en vertel hom van die lewe op Finisterre om sy aandag af te lei. Liora raak net so afhanklik van haar pasiënt en sy besef sy is nie so stukkend soos wat sy gedink het nie.*
- *Moshe besef dat Alessandra noodwendig ook in gevaar sal verkeer op Finisterre en ry met 'n kameel daarheen om te gaan help. 'n Eertydse werker op die plaas, Amid, neem hom gevange. Voor hom (Moshe) word Alessandra op 'n uiters wreedaardige manier verneder en gemartel – o.m. omdat sy haar gedra soos 'n "mannetjie" wat mansklere dra en baas is van 'n fabriek waarin Moslem-slawe werk. Jaseena gee vir haar die mes aan en sy neem haar eie lewe nadat Moshe nie kans sien om haar van haar marteling te red nie.*
- *Intussen neem die geweld in die land toe en Liora besef sy sal nie kan aanbly nie. Die jaagtog tot by die skip wat haar uiteindelik laat ontsnap uit Algerië beskryf die een gewelddadige toneel na die ander. Dit beskryf ook 'n man wat vir haar nes Moshe lyk wat twee kinders probeer red waarvan die seun in sy arms noodlottig geskiet word.*
- *Moshe vertel in Parys aan Liora van sy pa wat Auschwitz toe gestuur is en daarom neem hy ook aan die Moslem-optogte deel. Die polisie slaan hom gedurende een van hierdie optogte en hy verloor sy bewussyn.*
- *Nadat Liora jare later in Suid-Afrika opdaag, word die geweld in die SA-samelewing met die klank van die mortierontploffings van die weermagbasis in Oudtshoorn by haar tuisgebring. Sy glo haar ma sal nooit kom kuier nie, want al wat sy van SA weet is traangas, halssnoermoorde en rubberkoeëls en dit herinner te veel aan wat in Algerië gebeur het.*
- *Candice se eerste persoonlike ervaring van geweld is dié van haar pa, Lokman, se dood wanneer hy na 'n gestryery met haar ma, Ymie, deur 'n trekker omgery word. Hulle het gestry oor Candice en Walter se verhouding en Ymie wou hê dat Lokman haar moet dwing om die verhouding te beëindig.*
- *Haar volgende ervaring van geweld is wanneer Walter se pa, Arnoldus Malan, die beeld van die swanger Candice verwoes. Hy dreig Walter daarmee dat hy hom sal onterf as hulle nie die verhouding verbreek nie, maar dat Candice met hom (Arnoldus) kan kom praat oor 'n aborsie – nog 'n vorm van geweld. Later het sy 'n miskraam en sy begrawe die embrio van haar ongebore baba in die hoek van die kombuis van die huisie oorkant die rivier waar sy later jare intrek.*
- *Dan is daar ook die gesinsgeweld aan die hand van Sylvester teenoor sy vrou, Clarissa, en ook teenoor sy seun, Richard. Laasgenoemde beswyk aan sy wonde in die hospitaal nadat sy pa hom beetgekry het.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit rondom of die tema van geweld 'n suksesvolle bydra lewer tot die groter romanopset.

IEB Copyright © 2021

Voorbeeld**gevolgtrekking**:

Dit is duidelik dat Die Verevrou *geweld in vele tonele uitbeeld. Hierbo is slegs verwys na (enkele) tonele waarin eksterne geweld (soms uiters grafies) beskryf word en sensitiewe lesers mag dalk geskok hierop reageer. Nietemin word geweld nooit verromantiseer nie. Dit teken telkens gebroke karakters wat uit jaloesie, wraak of magsvertoon reageer. In hierdie verhaal is dit byna deurgaans aan die hand van manlike karakters wat vroue en veral kinders hardhandig gedissiplineer word. Dit het nooit positiewe gevolge nie. Vanuit hierdie leser se perspektief beklemtoon hierdie uitbeeldings dus die ongelooflike deursettingsvermoë van mense deurdat hulle, ten spyte van fisiese en veral emosionele geweld en wreedaardigheid, telkens weer kan opstaan en 'n nuwe dag in die gesig staar. Vir Liora word dit uiteindelik te veel (sonder Moshe en haar ma sukkel sy om sin te maak van haar lewe), maar vir Candice laat die teks die moontlikheid oop dat as sy haar volwaardige plek in die gemeenskap inneem – in De Rust en Blomnek – sy tog 'n rol kan speel in die skep van 'n wêreld wat die wonde van geweld kan laat gesond word.*

VRAAG 3 ***Die Verevrou*** (Jan van Tonder)

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *Jan van Tonder se roman Die Verevrou [onderstreep in handgeskrewe teks] (2019) ...*

Formuleer onderwerp: ... *slaag by uitstek daarin om nuwe wêrelde vir lesers oop te maak. Van die woestynlandskap in Algerië, die pluimery op Finisterre, die hospitaal in Algiers tydens die oorlog, Parys, tot in die meer bekende Klein-Karoo word lesers uitgedaag om nie net nuwe landskappe te besoek nie, maar ook karakters van onbekende kulture te leer ken. Die roman laat jou vriendskappe smee met mense van uiteenlopende agtergronde soos pluimbereiders, volstruisboere, kunstenaars en steltlopers wat jy in jou daaglikse handel en wandel nooit sou leer ken nie en laat jou daardeur toe om ook 'n binnereis te onderneem waarin jy ongekarteerde aspekte van jouself kan ontdek, konfronteer en uiteindelik as 'n ryker lewensreisiger die regte wêreld aan te pak.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:
- Hierdie vraag verwag juis 'n respons gesentreer om 'n individuele leser. Enige poging tot 'n bruikbare argument is dus futiel.
- Lesersresponse moet egter deeglik aan die teksgegewe gekoppel word en slegs argumente wat ondersteun is met deeglike tekskennis sal beloon word.

IEB Copyright © 2021

- Enkele kwessies wat dalk vir lesers nuut of onverwags vir skoolgaande lesers kan wees, word gelys. Die lys sal nooit volledig wees nie en vir sommige sou sekere dinge nooit die lys gehaal het nie:
- Die ruimtes van Algerië: die plaas (Finisterre), Algiers, oorlog, tienerseks in vreemde omgewings, die pluimery, hermafrodie, buite-egtelike verhoudings, jaloesie, verminking, wraak, die Moslem-geloof, biseksualiteit, homoseksualiteit, ekstremisme, patriotisme, geweld en vele meer.
- Die Klein-Karoo ruimte: verskeie vorme van kuns en kunstenaars, steltlopers, pluimbereiding en die taal van vere, die Rooms-Katolieke geloof, aborsie, miskraam, gesinsgeweld, armoede, vooroordeel, apartheidswette, ontvlugting, verlies, outoritêre mag, liefde oor grense van kleur, geloof en geslag, selfmoord, selfaanvaarding en vele meer.

Slot:
- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Kandidate moet oortuigend tot 'n slotsom kom of die teks hulle sodanig geraak het dat hulle anders dink, leef en andere kan laat leef.

Voorbeeld**gevolgtrekking:**
Die verevrou *neem lesers op 'n buite- en binnereis waartydens hulle verbeelding deur die landskap, karakters en storielyn sodanig geprikkel word om self Algerië se woestynlandskap en Parys se pluimbedryf te wil besoek, maar veral ook om die mense van ons eie Blomnek-gemeenskappe te leer ken. Lesers word nie net op 'n persoonlike vlak met die onbekende gekonfronteer nie, maar word gedwing om ook hulle eie vooroordeel en onkunde oor 'n veelheid kwessies te heroorweeg om sodoende plek te maak vir groter aanvaarding en begrip. Meer nog, die roman voer jou weg na die storieruimtes van Liora en Candice waardeur jy bowenal empatie vir jouself en jou eie hoogs menslike kwessies ontwikkel en die hoop ooplaat dat ook "ek" hier mag bestaan en sal kan oorleef.*

IEB Copyright © 2021

VRAAG 4 ***Die Dag van die Lord*** (Johan Kruger)

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Johan Kruger se roman* Die Dag van die Lord [onderstreep in handgeskrewe teks] *(2015) ...*

Formuleer onderwerp: ... *speel beide verhaallyne af gedurende die oorlog. Andries Fourie is 'n tienjarige seun van 'n dominee op kommando gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899–1902), later jare is hy 'n regstudent in Duitsland op die vooraand van die Eerste Wêreldoorlog en later in Engeland wanneer die oorlog uitbreek. Die lyding gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog word eerstehands voor, gedurende en na die konsentrasiekampe ervaar, terwyl hy (so glo hy) aandadig is aan die oorsaak tot die lyding en dood van andere – selfs vriende en voornemende familie – gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Oorlog, maak nie saak aan wie se kant jy staan nie, bring lyding en verlies en* Die Dag van die Lord *ondersoek die respons van die verontregte individu op, sowel as die aandadigheid van nasies aan, wreedheid, vernedering, onmenslike ontbering en verlies.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:
- *Die uitbeelding van die Suid-Afrikaanse Oorlog is van kardinale belang in hierdie roman. Die roman maak gebruik van 'n derdepersoonsverteller wat meestal fokaliseer deur Andries Fourie en karteer die wedervaringe van 'n intelligente, sensitiewe jong seuntjie wie se pa as ongewapende dominee saam met die Boerekrygers op kommando teen die Engelse veg. Sy gesin vlug van Bethel as gevolg van die verskroeideaardebeleid en hy kyk toe hoe die dorpshuise een vir een leeg gedra en afgebrand word. Uiteindelik ook die kerk en die pastorie. Voor hulle veiligheid kan bereik, word hulle gevange geneem en sy kleinboetie, Servasie, word noodlottig geskiet. Hierna word hulle in 'n koletrok na die Standerton-konsentrasiekamp geneem waar eers sy sussie en later sy ma beswyk aan onbepaalde siektes (moontlik disenterie, longontsteking en/of tering) wat deur die haglike omstandighede in die kampe veroorsaak word. Deurentyd word die kampkommandant, Mr. Bloomfield, en die ander Engelse soldate voorgestel as hardvogtig en selfs onmenslik. Hierdeur word die leser emosioneel diep betrek by die intieme detail van die lyding in die kampe. Aangesien die gebeure vertel word by monde van so 'n jong (en soms naïewe verteller) word die leser se verbeelding getap om die omvang van die lyding te moet invul. Hierdeur word diep empatie met Andries Fourie se toekomstige besluite en aksies geskep.*
- *As jong student (en met die aanvang van die roman) ontmoet ons Andries die eerste keer wanneer hy 'n spioen genaamd Fritz Duquesne in Heidelberg, Duitsland ontmoet. Hulle gaan 'n ooreenkoms aan dat hulle die lyding in die konsentrasiekampe gaan wreek op die man wat verantwoordelik was daarvoor: Lord Kitchener.*

IEB Copyright © 2021

- *Andries raak algaande dieper betrokke by die komplot en skuif na Londen waar hy in 'n beter posisie sou wees om hulle planne tot uitvoering te bring. Intussen dreig die Eerste Wêreldoorlog om enige dag uit te breek. Andries sluit aan by die Britse magte en begin werk as possensor in die kantore by Whitehall. Hy bewimpel (saam met Duquesne) om 'n fiktiewe plot teen Kitchener te besweer en hy kom hierdeur al hoe nader aan sy teiken.*
- *Intussen raak Andries verlief op 'n Skotse meisie, Jennifer Cameron, wie se pa (sou dit later blyk) ook vir Kitchener (wat intussen tot minister van oorlog bevorder is) werk. Meer nog, Kolonel Adam Cameron het ook gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog vir die Britse magte geveg.*
- *Bo en behalwe die besoek aan Trafalgar Square waar Andries en Jenny die aankondiging van die uitbreek van die oorlog aanhoor, word die verloop van die Eerste Wêreldoorlog nouliks in die roman beskryf. Die konflik wat Andries ervaar, lê nie in die politiese oorsake, veldslae wat gewen of verloor word of die morele oortuigings wat die onderskeie kampe sou motiveer nie (hoewel Duquesne dalk anders hieroor sou voel). Andries het egter net een doel voor oë en dit is om Lord Kitchener te laat boet vir dit wat twaalf jaar gelede met hom en sy gesin en nasie gebeur het.*
- *Iewers in die eerste nag van hulle verblyf in die Standerton-konsentrasiekamp het tante Marie gevra: "Sou dit sonde wees om van harte te verlang om eenmaal ook Engeland se vroue en kinders so te sien ly?" Andries se antwoord was dat dit nie sonde sou wees nie. Maar nou is hy op 'n ander manier verbonde aan die Engelse wat hy vir soveel jare met soveel bitterheid gehaat het en dit blyk dat die vroue en kinders in Engeland min geweet het van die ware toedrag van sake in die konsentrasiekampe. Selfs Kolonel Cameron het 'n naïewe (selfs positiewe) herinnering hieraan.*
- *Die ouer Andries word in twee geskeur deur sy gedeelde alliansies met sy verlede – die oorlog in SA en die dood van sy hele gesin, teenoor sy toekoms saam met een van die onderdane van dieselfde Britse Koninkryk wat verantwoordelik was vir daardie onmenslike lyding.*
- *As Andries (aan die hand van die poppemeester Duquesne) uiteindelik sy wraakplan tot uitvoering kan bring, word sy verhouding met Jenny (en hul ongebore kind) in gedrang gebring. Haar pa is op die skip (of so glo hy aanvanklik) en van sy eie vriende en bondgenote sterf op die boot wat Kitchener se ondergang teweeg bring. En die prys wat hy moet betaal, is sy eie vryheid en belowende toekoms in die regte. Hy moet selfs sy eie identiteit verruil vir dié van die fiksionele Piet Nicaud.*
- *Die gesegde lui dat "All is fair in love and war", maar vir Andries word oorlog aanvanklik die rede vir sy wraak en 'n ander oorlog die middel tot sy doel. Iewers tussenin ly regte mense, maak nie saak aan wie se kant jy is nie. Daar is geen regverdiging vir oorlog in hierdie roman te bespeur nie.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit of die tema van oorlog en lyding suksesvol bydra tot die groter romanopset.

IEB Copyright © 2021

Voorbeeld**gevolgtrekking**:
Oorlog en die lyding wat daarmee gepaard gaan, is die fundamentele beweegrede tot Andries se wraak en vergeldingsplan wat hy later in sy lewe tot uitvoering kan bring. Die hoogs persoonlike ervaring van oorlog in sy jeug word later vervang deur 'n oorlog wat hom min traak – behalwe vir die geleentheid wat dit hom bied om Kitchener te laat omkom. Waar die Suid-Afrikaanse Oorlog diepe simpatie by (veral die Afrikaanse) leser ontketen, word hierdie simpatie met die slagoffers van oorlog opsy geskuif deur die ouer Andries. Dit word 'n voertuig in sy doel om die verlede op Kitchener te wreek. Soos sy sielestryd intensiveer, word dit egter 'n onmoontlike wraak wat alles waarvoor hy lief geword het, op die spel plaas. Die doel heilig nie die middele nie. Die prys is te hoog. Uiteindelik wil dit in hierdie roman voorkom asof oorlog alleenlik lyding tot gevolg het.

VRAAG 5 ***Die Dag van die Lord*** (Johan Kruger)

Titel: Gee eie, gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:
- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *Johan Kruger se roman <u>Die Dag van die Lord</u>* [onderstreep in handgeskrewe teks] *(2015) ...*

Formuleer onderwerp: ... *slaag by uitstek daarin om nuwe wêrelde vir lesers oop te maak. Van die kinderspeletjieruimte langs die rivier in Bethal, die onmenslike toestande in die konsentrasiekampe, die grootword van 'n weeskind op Yzerfontein en Pretoria, asook die Europese ruimtes van Heidelberg en Londen, word lesers uitgedaag om nie net nuwe ruimtes te besoek nie, maar ook karakters met voorheen onoorwoë oortuigings en wêreldsienings te leer ken; soos sterk Boervroue, spioene, hooggeplaastes in die Engelse oorlogsmasjien, en 'n jong man wat sy pad probeer vind in 'n wêreld wat onverskillig staan teenoor die verlies van sy gesin gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die roman laat jou daardeur by uitstek toe om ook 'n binnereis te onderneem waarin jy jou eie ervaring van verontregting, wraakgedagtes en die aard en waarde van vergiffenis kan heroorweeg en konfronteer sodat jy uiteindelik as 'n ryker lewensreisiger die wêreld met meer begrip vir jouself en andere kan aanpak.*

- Vooruitwysing na hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:
- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na / aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

IEB Copyright © 2021

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:

- Hierdie vraag verwag juis 'n individuele lesergesentreerde respons. Enige poging tot 'n bruikbare argument is dus futiel.
- Lesersresponse moet egter deeglik aan die teksgegewe gekoppel word en slegs argumente wat ondersteun is met deeglike tekskennis sal beloon word.

Enkele kwessies wat dalk nuut of onverwags vir skoolgaande lesers kan wees, word gelys. Die lys sal nooit volledig wees nie en vir sommige sou sekere dinge nooit die lys gehaal het nie:

Aangesien beide verhaallyne meer as 100 jaar gelede afspeel, is die leser se ervaring van 'n ouer wêreld uiteraard reeds 'n verbeeldingsprong.

Bethal: vroue wat leiding moet neem terwyl mans op kommando is, die verskroeideaardebeleid van Kitchener, vriendskap oor geloofsgrense heen, vlug, vrees en kindermoord.

Standerton- en Irene-konsentrasiekampe: fisiese lyding in die vorm van honger en dors, siekte, onhigiëniese toestande, koue, puttoilette, kamplewe, emosionele lyding en vernedering, leuens en manipulasie deur leiers en politici, verwaandheid, verveling, simpatie; tog ook emosionele ondersteuning, hoop, hopeloosheid, weerloosheid, spot, dood, onverskilligheid, weeskinders en redders.

Heidelberg, Keulen en Hanover: Europese ruimte, regstudies, spioene, geheime ontmoetings, studentwees in 'n vreemde land, komplotte, oorlogswolke, selfkastyding, wraakgedagtes en teenstrydige ideologieë.

Londen en elders in Engeland: vriende met ander politieke sienings, vrees vir ontdekking, nuwe liefde, ou liefde, regstudies, invloed en konneksies, die uitbreek van WO1, spioenasie, skyn en werklikheid, voorgee en waarheid, ontmoeting van geliefde se ouers, Skotse agtergrond – dieselfde liefde vir die Hooglande as vir die Hoëveld, ontdekking dat "gewone" Britte geen kennis dra van lyding in SA-oorlog nie, onkunde t.o. begrip, geloofskrisisse, heimwee, oorlewing, vrees, komplotte, verskuilde identiteite, verraad, skuld, briewe, bomme, Kitchener se "band of boys", homoseksualiteit, vaderskap, vergelding en vergiffenis.

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dít wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Kandidate moet oortuigend tot 'n slotsom kom of die teks hulle sodanig geraak het dat hulle anders dink, leef en andere kan laat leef.

IEB Copyright © 2021

Voorbeeld van 'n gevolgtrekking:
Die Dag van die Lord *neem lesers op 'n buite- en binnereis waartydens hulle verbeelding deur die landskap, karakters en storielyn sodanig geprikkel word om die (vir sommige mense) bekende, dog vergete ruimte van die Suid-Afrikaanse Oorlog op te soek, maar hierdie keer beleef in die persoonlike lyding van 'n jong seuntjie, oorgelewer aan die puin van hierdie oorlog. Lesers kan nie onaangeraak voortlees nie – veral omdat die verhaallyn op die werklikheid gebaseer is. Lesers word op 'n persoonlike vlak met sy lyding gekonfronteer en voel dat sy doel om Kitchener te laat boet, geregverdig is. Maar net soos Andries gedurigdeur homself kasty daaroor dat hy wel die oorlog oorleef het en juis daarom die balansstaat moet laat klop deur sy wraakplan, word lesers – net soos Andries in sy sielestryd – gedwing om ook hulle eie wraakgedagtes, vooroordeel en onkunde te heroorweeg om sodoende plek te maak vir vergiffenis en veral selfvergiffenis. Die roman voer die leser weg na die storieruimtes van spioenasie en komplotte waardeur 'n heerlike spanningsroman ontwikkel, net om telkens weer jouself te herinner dat die lyding van oorlog geen fiksie is nie en dat vergelding vir die onregte van die verlede, jou net weer tot slagoffer verdoem.*

VRAAG 6

NASIENRIGLYNE BY DIE OOGGETUIEVERSLAG:

Die ooggetuieverslag is 'n presiese, feitelike weergawe van 'n gebeurtenis en word dikwels vir nuusuitsendings of koerantberiggewing gebruik. Dit is dus 'n verklaring wat 'n persoon aflê oor wat hy of sy gesien het.

Kenmerke
- Paragraaf 1: persoonlike inligting (volle naam, identiteitsnommer, adres en kontaknommer)
- Paragraaf 2: besonderhede van gebeure (datum, tyd, plek)
- Paragraaf 3: uitbreiding op besonderhede
- Paragraaf 4: samevatting of gevolgtrekking

Algemeen:
- Dit word in die eerste persoon geskryf, byvoorbeeld: Ek het gesien hoe die motor om die draai jaag.
- Besonderhede wat die ooggetuie gesien het, moet in fyn detail beskryf word.
- Die verslag moet saaklik geskryf word – tegniese woorde en frases is dikwels nodig.
- Geen emosioneel gelaaide woorde moet gebruik word nie, slegs neutrale woorde.
- Formele en onpersoonlike taal word gebruik.
- 'n Ooggetuieverslag binne 'n dissiplinêre opset (soos aan die polisie) word onderteken en van 'n datum voorsien.

Uit: *Via Afrika* 2012

IEB Copyright © 2021

VRAAG 7

NASIENRIGLYNE BY DIE BROSJURE:
Brosjure/Pamflet/Strooibiljet

'n Brosjure is 'n klein blaadjie wat iets adverteer. Dit maak die leser lus om 'n plek te besoek of iets te koop. 'n Strooibiljet/pamflet en 'n brosjure word albei gebruik om iets te adverteer, maar 'n strooibiljet/pamflet fokus op prys en 'n brosjure verskaf meer inligting. 'n Brosjure word gewoonlik op duurder papier gedruk as 'n strooibiljet en het meer volkleurfoto's.

ONTHOU:

'n Brosjure is vollediger as 'n advertensie.

Jou brosjure moet interessant en prikkelend met foto's en/of illustrasies wees.

Jy moet die nodige inligting verskaf wat dit vir die voornemende klant makliker maak om die maatskappy te kontak of die produk maklik te kan aanskaf.

Moenie in die eksamen te veel tyd gebruik vir die uitleg en versiering nie – die punte word toegeken vir die inhoud (die geskrewe deel).

'n Brosjure vir 'n skool se opedag kan byvoorbeeld op die volgende manier uitgelê word:

Die hoofopskrif moet interessant wees en die leser se aandag trek.	Bv. verduidelik waarom die opedag besoek moet word.
Daarna word meer inligting oor die skool gegee. Waaroor handel die brosjure? Gebruik die logo as dit beskikbaar is.	Waar is die plek? Gee die fisiese adres.
Meer inligting oor die dag se verrigtinge kan gegee word en wat alles op die dag verwag kan word. Verduidelik die inligting kortliks. Sorg dat die aanbieding interessant en aanloklik is.	Gee 'n eenvoudige kaart of verduidelik hoe om die plek te bereik.
Wie is almal betrokke by die opedag?	Gee alle kontakbesonderhede – telefoonnommers, e-posadresse, faksnommers en die naam van 'n kontakpersoon.
Uitstallings en ander belangrike inligting.	Watter ander interessante dinge kan verwag word? Gee belangrike tye en moontlike kostes.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 8

NASIENRIGLYNE BY DIE RESENSIE:

Wat is die funksie van resensies?

- Om in te lig.
- Om jou mening oor 'n saak te gee.
- Om te vermaak.
- Om mense op te voed.
- Verbruikersveiligheid te verseker / verbruikers te waarsku.

Die volgende inligting moet êrens in die resensie verskyn:

Wie / wat / waar / wanneer / waarom en *hoe?*

- Stylwenk: Werk dié inligting in die "berig" in *óf* verskaf hierdie inligting bo-aan resensie.
- Openingsin: Kry die leser sover om die res van die berig te lees, m.a.w. betrek die leser!
- Volg openingsin met 'n presiese/pittige beskrywing van dit wat die opedag-ervaring ingehou het. Hier is die toon wat jy aanneem baie belangrik: Jy gaan reeds hierdeur wys of jy dink dit is die moeite werd om te gaan kyk of dit te lees of nie.
- Verduidelik wat jy daarvan dink – wees kreatief! BELANGRIK: Vir hierdie resensie het die opedag *NIE* gebied wat verwag is nie.
- Gee jou leser 'n indruk van dit wat ander besoekers daaroor gedink het. Hier kan 'n paar aanhalings handig te pas kom.
- Sluit 'n resensie af met iets wat lesers laat nadink (miskien dinge wat enige skool/opedag die moeite werd maak – maak lesers touwys oor dit wat belangrik is aan 'n goeie produk).
- 'n Goeie resensie gebruik keurige taal. Dit oortuig lesers dat hulle in goeie hande is as hulle jou smaak/insig/raad volg.
- Die styl van die resensie sal bepaal word deur die teikenleser en skrywer se eie stem.
- Daar lê baie mag in die ink van 'n resensent – mense se inkomste hang daarvan af! Eerlike, dog regverdige resensies is waardevol.

IEB Copyright © 2021

DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20
INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal

Vlak	Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band	% EN PUNT
7+	**JA!!! ALMAL MOET DIT LEES!** 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. **FANTASTIES!/UITSTAANDE!**	90–100% 18–20
	Inleiding: *skep grootse verwagtinge + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½* ***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½*	Bv. 18 + ½ + 0 + ½
7	**JA! EK MOET HIERDIE ONTHOU!** Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. **WAARDIG/INDRUKWEKKEND**	80–89% 16–17½
	Inleiding: *skep afwagting + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: baie interessant en goed geïntegreer + ½* ***Gevolgtrekking:*** *toon dieper insig + ½*	
6	**JA! EK STEM SAAM!** Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. **VERDIENSTELIK/BAIE GOED**	70–79% 14–15½
	Inleiding: *skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½* ***Gevolgtrekking:*** *stem tot nadenke + ½*	
5	**JA.** Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. **GEWOON/SUBSTANSIEEL**	60–69% 12–13½
	Inleiding: *kandidaat neem standpunt in + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: ondersteun standpunt + ½* ***Gevolgtrekking:*** *noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½*	
4	**JA ... WAT.** Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. **GANGBAAR**	50–59% 10–11½
	Inleiding: *vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: raakpunte met standpunt aanwesig + ½* ***Gevolgtrekking:*** *gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½*	
3	**MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE...** Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. **ONDERGEMIDDELD**	40–49% 8–9½
	Inleiding: *verwys wel na vraag + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: aanwesig + ½* ***Gevolgtrekking:*** *hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½*	
2	**TELEURSTELLEND** Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. **ELEMENTÊR**	30–39% 6–7½
	Inleiding: *vraagwoorde genoem + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½* ***Gevolgtrekking:*** *daar is 'n waarneembare einde + ½*	
1	**NEE!** Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. **ONGESLAAGD**	15–29% 3½–5½
	Inleiding: *waarneembaar + ½* ***Aanhalings/teksverwysings****: waarneembaar + ½* ***Gevolgtrekking:*** *waarneembaar + ½*	

IEB Copyright © 2021

DRAMA: TAALE- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNIESE AKKURAATHEID **STYL en STRUKTUUR: *BETOGEND***	**7** Taalbeheer uitstekend Woordeskat helder en gesofistikeerd Lengte perfek Byna foutloos	**6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe Uitdrukkingsvolle woordeskat Lengte gepas Netelige taalfoutjies	**5** Goeie sinskonstruksie Goeie woordeskat Lengte gepas Min taalfoute	**4** Sinskonstruksie redelik Woordeskat geskik Lengte kan pla Taalfoute begin betekenis beïnvloed	**3** Teenstrydige skryfwerk Woordeskat voorspelbaar of vol clichés Lengte pla Taalfoute pla	**2** Meestal onsinnig Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief Lengtevereistes is geïgnoreer Herhaaldelike taalfoute	**1** Geheel en al onsinnig Onverstaanbaar Lengtevereistes is geïgnoreer Verwronge idioom
A+ Betogende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	***90 –100%*** 9–10	9½	9				
A Betogende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	***80–89%*** 8½–9	8	7½				
B Betogende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	***70–79%*** 7½	7	6½			
C Betogend, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7½	7	***60–69%*** 6½	6	5½		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		6½	6	***50–59%*** 5½	5	4½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.			5½	5	***40–49%*** 4½	4	3½
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.				4½	4	***30–39%*** 3½	3
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.					3½	3	***0–29%*** 0–2½

IEB Copyright © 2021

BLAAI ASSEBLIEF OM

ROMAN: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
TEGNIESE AKKURAATHEID **STYL en STRUKTUUR: *BEREDENEREND***	**7** Taalbeheer uitstekend Woordeskat helder en gesofistikeerd Lengte perfek Byna foutloos	**6** Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe Uitdrukkings-volle woordeskat Lengte gepas Netelige taalfoutjies	**5** Goeie sins-konstruksie Goeie woordeskat Lengte gepas Min taalfoute	**4** Sinskonstruk-sie redelik Woordeskat geskik Lengte kan pla Taalfoute begin betekenis beïnvloed	**3** Teenstrydige skryfwerk Woordeskat voorspelbaar of vol clichés Lengte pla Taalfoute pla	**2** Meestal onsinnig. Woordeskat verbeelding-loos en soms foutief. Lengte-vereistes is geïgnoreer Herhaaldelike taalfoute	**1** Geheel en al onsinnig Onverstaan-baar Lengtevereis-tes is geïgnoreer Verwronge idioom
A+ Beredeneerde styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	***90–100%*** 9–10	9½	9				
A Beredeneerde styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	***80–89%*** 8½–9	8	7½				
B Beredeneerde styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	***70–79%*** 7½	7	6½			
C Beredeneerd, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7½	7	***60–69%*** 6½	6	5½		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		6½	6	***50–59%*** 5½	5	4½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.			5½	5	***40–49%*** 4½	4	3½
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.				4½	4	***30–39%*** 3½	3
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.					3½	3	***0–29%*** 0–2½

IEB Copyright © 2021

Transaksionele skryfwerk NASIENMATRIKS

TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + Styl, taal en formaat = 10)

VLAK EN PUNT		TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10)
Vlak 7+ **Uitmuntend** **9,5–10**		**Inhoud** uitmuntend en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend. Oorspronklike idees.
Vlak 7 **Uitstekend** **8–9**		**Inhoud** baie goed en volledig volgens opdrag. **Doel en teikenleser** voortdurend duidelik. Kreatief en relevant. Oorspronklike idees.
Vlak 6 **Baie goed** **7–7,5**		**Inhoud** gepas volgens opdrag. Relevant. Goeie detail. **Doel en teikenleser** nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer. Detail interessant. Diepte kom effens kort.
Vlak 5 **Goed** **6–6,5**		**Inhoud** bevredigend volgens opdrag. Poging tot gepaste **doel** en inagneming van **teikenleser**. Af en toe steurende leemtes. Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons.
Vlak 4 **Gangbaar** **5–5,5**		**Inhoud**: Kandidaat toon begrip vir opdrag. Probeer **doel en teikenleser** in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie. Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid.
Vlak 3 **Ondergemiddeld** **4–4,5**		**Inhoud** eenvoudig en verbeeldingloos. **Doel**: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste **teikenleser**. Pedanties.
Vlak 2 **Elementêr** **3–3,5**		**Inhoud** kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie. **Doel**: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. **Teikengroep** geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen. Kandidaat toon min insig in en kennis van vereistes.
Vlak 1 **Ontoereikend** **0–2,5**		**Inhoud, doel en teikengroep** toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie. Kandidaat kan nie slaag nie.

IEB Copyright © 2021

TRANSAKSIONEEL: STYL, TAAL EN FORMAAT (10)								
	Hoogs gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register uitstekend gepas volgens opdrag. Formaat absoluut korrek, selfs innoverend.	Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register goed gekies volgens opdrag. Formaat korrek.	Taalkonvensies goed gebruik. Register en woordeskat baie goed hoewel enkele swakhede voorkom. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek. Formaat hoofsaaklik korrek.	Taalkonvensies, register en woordeskat genoegsaam vir 'n gemiddelde respons. Taal en sinsbou toon soms foute. Formaat meestal korrek. Styl toon begrip vir opdrag.	Register en woordeskat gewoon en algemeen. Taal en sinsbou toon lastige foute. Formaat toon steurende leemtes. Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie.	Formaat meestal onvanpas. Register en woordeskat pas nie regtig by die opdrag nie. Styl en toon dikwels foutief. Taal, spelling en sinsbou swak.	Formaat toon baie foute. Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies. Styl en toon onvanpas.	Formaat heeltemal foutief. Geen begrip van korrekte taal-, register- en/of formaatkonvensies nie. Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie.
VLAK EN PUNT	**Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10**	**Vlak 7 Uitstekend 8–9**	**Vlak 6 Baie goed 7–7,5**	**Vlak 5 Goed 6–6,5**	**Vlak 4 Gangbaar 5–5,5**	**Vlak 3 Onder-gemiddeld 4–4,5**	**Vlak 2 Elementêr 3–3,5**	**Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5**

Lengte: 250 woorde (Let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**.) Indien lengtevereiste nie nagekom is nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.

IEB Copyright © 2021